# Rietvallei Kersuitgawe 2023

## 60 ste uitgawe



# *Inhoudsopgawe*


- Voorsitter se boodskap (Pieter Vijoen)
- Gedagte vir Desember (Frans Scholtz)
- Skrywe vanaf Seniorverteenwoordiger (Elmarie le Roux)
- Stof tot nadenke (Geleen)
- Verjaardae, herdenkings en leed
- Humor vir die dae wat kom!
- Iets vir die Kersete tafel
- Toekennings vir 2023
- San Cha Len stories
- Huisgodsdiens
- Advertensies


## *Rietallei Bestuur*


**Voorsitter**

Pieter Viljoen 078 094 7436

**Ondervoorsitter**

Frans Scholtz 082 576 3516 Penningmeester

Tjaart Klaasen

**Sekretaris**

Johan la Grange 063 132 8151 rietvallei.sawasekr@gmail.com

**Redakteur**

Magda Britz 082 083 9295

**Senior Burgerverteenwoordiger**

Elmarie le Roux 083 551 9367

**Addisionele lid**

Pieter le Roux 083 258 3613

**Kampkoőrdineerder**

Bertus Marx 061 581 2560




Liewe Rietvallei vriende

Dit is met 'n dankbare hart dat ek vandag hierdie kort Kers boodskap met julle wil deel.

As ons stil raak en net rondom ons kyk, kan ons nie anders as om totale dankbaarheid te getuig aan ons Hemelse Vader nie. Ons kan sien hoe mense swaar kry maar terselfdertyd omring word deur omgee mense. Ons sien daagliks bedelaars wat tog iets van iemand ontvang. Ons sien gebroke harte wat deur liefde herstel word. En glo my ons lysies gaan net aan en aan.

Ons is so bevoorreg om terug te kan kyk op nog 'n jaar wat gekom en amper verby is. Bevoorreg omdat ons soms ook in die terugkyk net een ry spore sien, en sonder twyfel weet dat dit die tye was wat Ons Here ons so mildelik gedra het daartydens.

As daar natuurlik gekyk word na die geboorte van Jesus, is daar altyd hierdie vraag van: Wanneer was dit nou regtig gewees?

Dan wonder ek sommer self of dit vir ons enige saak maak wanneer dit gebeur het. Ons weet mos ons Jesus leef en aanbid dus 'n Lewende God. En daarom kan ons met oorgawe ons Jesus se geboorte fier.

My wens vir my, Magdaleen en alle ander Rietvalleiers, Sawanante en mense in die wêreld is dat ons hierdie jaar, meer as ooit DANKBAAR sal wees vir elke ding in ons lewens. Maak nie saak of dit groot of klein is nie, wees opreg en ten volle dankbaar.

Bederf mekaar gedurende die Feestyd, wees lief vir mekaar en vertroetel mekaar elke dag.




Geseënde Kersfees en voorspoed vir 'n suksesvolle 2024.

Liefde Groete.

Pieter Viljoen

## Kersboodskap 2023

Ons nader nou die tyd wat ons Jesus se geboorte herdenk. Wat beteken die tydperk vir jou, die Kersseisoen wat ons nou betree? Vir baie mense is dit vakansietyd, tyd om te rus, dankbaar dat die jaar verby is, die nuwe jaar is naby dan sal dit beter gaan. Vir sommige is dit liggies, musiek en geskenke tyd. Tyd om fees te vier.

Al is dinge goed, mag ons as Chrinstene nooit vergeet dat dit ook 'n Christusfees tydperk is nie. Waar ons die geboorte herdenk van ons Here, Jesus Christus.

Soos die Woord in Jes 9: 5 – 6 vir ons sê: Daar is vir ons 'n Kind gebore! Dit is 'n Seun wat aan ons gegee is! Hy sal oor ons regeer en Sy Koninklike titels sal wees: Spesiale Raadsman, God wat sterk is, Ewige Vader, Koning van Vrede. Sy koninkryk en mag sal aanhou uitbrei en Hy sal vir altyd vrede bring. Hy sal vir altyd op Dawid se troon sit en Sy koninkryk met revedigheid en billikheid regeer. Daarvoor sal die absolute godheid van die Here die Almagtige sorg.

Jesus Christus ons Here. Ons Messias, die Gesalfde van God. Hy is die Almagtige en Onoorwinlike besitter en regeerder van die Hemel en Aarde. Daar is niks of niemand belangriker as Hy nie. God het Jesus die hoogste eer gegee wat God iemand kan gee.

Daar is krag in Sy naam. Die naam van Jesus Christus is vir ons 'n bron van krag, sterkte, rus, vrede en beskerming. Daar is vir ons redding by Jesus asook vergifnis van sonde. Jesus Christus is ons enigste hoop.

Agv Jesus is ons nou kind van God. Jy is geliefd deur God, jy is kosbaar en spesiaal vir Hom. Jy is geskape vir Geestelike grootheid.

Ons mag dus nooit vergeet dat hierdie tydperk ook ons herdenking is dat Jesus Christus vir ons gebore is nie.

Ons dink ook noodwendig aan die nuwe jaar wat kom. Baie sien dan ook altyd uit na die nuwe jaar. Vir die nuwe jaar wil ek graag die volgende gedagtes gee om oor na te dink:

Soos hierdie jaar gaan dit beslis nie makliker wees nie. Maar ek wil julle aanmoedig, moet nie die wedloop wat vir julle voorlê lusteloos en kragteloos hardloop nie. Soos mense met slap hande en lam knieë nie. Hardloop met volharding. Fokus op die volgende dinge:

- Om in vrede met almal te lewe. Soek en jaag vrede na. Fokus op jou verhouding met God. As dit reg is sal 'n mens dit kan sien in jou verhouding met mense.

- Lewe met ywer, met 'n dringendheid en honger om in toewyding vir die Here te lewe.

- Lewe in liefde met medegelowiges en help mekaar om nie uit te sak in ons lewensreis nie.

- Waak en stry teen enige sonde (Gif) wat sy kop uitsteek, want dit kan baie vinnig versprei en ander aansteek. Pasop veral vir bitterheid, dit groei maklik tot 'n groot boom, dit bederf alle persoonlike verhoudings. Kom ons leer by Esau. Sonde kan soms verreikende gevolge hê. Soms kan nie eers vergifnes die gevolge van sonde uitwis nie.

- Spandeer tyd saam met Jesus (Woord en gebed) sodat jy die nodige kennis het. Dan sal jy vinnig die verkeerde kan raaksien, ook as jy met 'n valse gelowige te doen het.

Ek los julle met die volgende gedeelte uit die woord: Heb 12:12 – 15 (DB):
Wees entoesiasties oor jou Christenskap
Julle moet nie soos 'n klomp geestelike swakkelinge leef nie. Wees entoesiasties oor wat julle as Christene doen. Loop julle lewenspad met soveel oortuiging dat die mense wat agter julle aankom en maar 'n bietjie sukkel, hulle gesukkel sal afgooi en met net soveel oortuiging as julle hulle lewenpad verder sal loop.
Probeer julle bes om nie met ander te stry of te baklei nie. Leef so dat God trots kan wees op julle, want as iemand nie so leef nie, sal hy sowaar nie by die Here uitkom nie. Help mekaar sodat nie een van julle dalk al die goeie dinge misloop wat God so vrylik vir ons gee nie.

<u>Seën</u>

Ek wil graag die volgende seën oor julle uitspreek. Onthou altyd daar is krag in seën: Ek bid dat God waarin julle glo, elke deel van julle geloofslewe vol sal maak met blydskap en vreugde. Mag julle deur die groot krag van die Heilige Gees in julle lewe altyd oorvloedige hoop hê. Dat julle altyd onwrikbaar sal vashou aan Jesus, kom wat wil.

Vrede vir almal en 'n mooi en geseënde Christusfees.

Frans en Stefanie

**Bronne:**
**Bybel: Boodskap**
**Die Bybel in Praktyk**
**Die Bybellennium. 'n Eenvolume – Kommentaar**

## Van die KPip na die KRuis na die KRoon

## KR→KR→KR

2023 se uurglas is vining besig om leeg te loop. Met groot dankbaarheid in ons harte kyk ons terug op die jaar 2023.

Die seniors van Rietvallei het heerlik saam gekamp, gelag en soms gehuil.

Daar was groot vreugdes met die geboorte van klein en ageterklein-kinders en ook huwelike.

'n Paar van ons lede het operasies en mediese behandeling ondergaan. Ons is dankbaar vir herstel en positiewe vordering.

Hartseer is ons ook nie gespaar nie. Van ons lede het geliefdes aan die dood afgestaan. Ons treur ook nog saam oor twee van ons lede Mynhard Marais en Hilly Henze wat nie meer met ons is nie. Ons dink aan hulle geliefdes. Mag die Here julle in hierdie tyd toevou in Sy liefde.

Nou dink ons aan Kersfees.

*"Kersfees is nie 'n tyd of 'n seisoen nie, maar 'n ingesteldheid van jou gees.*

*Om vrede en welwillendheid te koester, om vrygewig te wees met julle genadegawes – dit is die ware gees van Kersfees "*

(Cavin Coolidge)

Maak hierdie kersseisoen daagliks spesiale herinneringe bymekaar saam met julle geliefdes. Dit is nou tyd om jul beker weer vol te maak vir 2024 en die nuwe jaar met nuwe moed en krag binne te gaan.

2 Tessalonisense 3:16

"Mag die Here wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee ! Die Here sal by julle almal wees! "

Kersgroete.

Elmarie

(Senior Verteenwoordiger)

# OUDERDOM IS SOOS 'N BANKREKENING!

**Die 92-jarige, tenger, goed gebalanseerde en trotse dame, wat elke oggend teen agtuur volledig geklee is, met haar hare modieus geknip en grimering perfek aangewend, al is sy wettiglik blind, het vandag na 'n ouetehuis verhuis. Haar man van 70 jaar is onlangs oorlede, wat die skuif genoodsaak het. Na baie ure se geduldige wag in die voorportaal van die ouetehuis, het sy soet geglimlag toe vir haar gesê is dat haar kamer gereed is. Terwyl sy haar loopraam na die hysbak beweeg het, het ek haar klein kamertjie visueel beskryf, insluitend die lakens wat aan haar venster gehang is. "Ek is mal daaroor," het sy gesê met die entoesiasme van 'n agtjarige wat pas 'n nuwe hondjie gekry het.**

**"Mev. Jones, jy het nie die kamer gesien nie ... Wag net."**

**"Dit het niks daarmee te doen nie," het sy geantwoord. "Geluk is iets waaroor jy voor die tyd besluit. Of ek van my kamer hou of nie, hang nie af van hoe die meubels gerangskik is nie, dit is hoe ek my gedagtes rangskik. Ek het reeds besluit om daarvan te hou. Dis 'n besluit wat ek elke oggend neem as ek wakker word. Ek het 'n keuse; ek kan die dag in die bed deurbring en vertel van die probleme wat ek het met die dele van my liggaam wat nie meer werk nie, of uit die bed opstaan en dankbaar wees vir dié wat nog werk. Elke dag is 'n geskenk, en solank as wat my oë oopgaan, sal ek fokus op die nuwe dag en al die gelukkige herinneringe wat ek weggebêre het, net vir hierdie tyd in my lewe." Sy het verder verduidelik: "Ouderdom is soos 'n bankrekening, jy onttrek uit wat jy ingesit het. So, my raad aan jou sal wees om baie geluk in die bankrekening van herinneringe te deponeer. Dankie vir jou deel in die vul van my geheue bank. Ek deponeer steeds." En met 'n glimlag het sy gesê: "Onthou die vyf eenvoudige reëls om gelukkig te wees:**

**1. Bevry jou hart van haat.**


**2. Bevry jou gedagtes van bekommernisse.**

**3. Leef eenvoudig.**

**4. Gee meer.**

**5. Verwag minder.**

**Met vergunning van Suspendedcoffees.co**



## Verjaardae, herdenkings en leed




Aan al die Rietvallei vriende wat hierdie maand verjaar – Ons almal weet dat ouderdom net 'n getal is, maar in julle almal se geval is dit soveel meer as dit. Dit verteenwoordig al die jare voor julle wat opgehoop het om die wonderlike mense te skep wat julle vandag is.

Dis wonderlik dat julle op hierdie ouderdom nog sterk is en oor baie dinge opgewonde raak. Mag die Vader julle nog baie jare n goeie gesondheid gee! Lekker verjaar!!!!!




'n Huwelik is nie om dieselfde te dink nie, maar om saam te dink.

Wense gaan na julle almal uit wat 'n herdenking vier in Desember mag julle geseënd wees met nog vele gelukkige en gesonde jare saam.



Meegevoel en simpatie aan elkeen wat afskeid geneem het van 'n geliefde deur die jaar.

Geen troos is sterker as die sekerheid dat julle midde in julle nood deur die liefde van die Vader omsluit word nie.

## Humor vir die dae wat kom

Oupa en Ouma sit op die stoep en bewonder die sonsondergang en praat oor die goeie ou dae, toe ouma na oupa toe draai en sê "Ou man, onthou jy nog hoe jy altyd oorgeleun en my hand gevat het?"

Oupa kry so limlaggie en vat haar hand. "Onthou jy nog," vra sy weer "...hoe jy soms oorgeleun en 'n soentjie gesteel het?" Weereens gehoorsaam oupa en gee haar 'n piksoentjie. "Onthou jy nog hoe jy somtyds my ore geknibbel het?" Oupa kom sukkel sukkel orent en staan huis se kant toe. "Waar gaan jy nou?" wil ouma ongeduldig weet. Oupa antwoord: "Ek gaan net gou my tande haal!"

Stage 10 Loadshedding.

Eskom kom haal jou vrou, want jy het gesê sy is die lig in jou lewe!

Ek word so moedeloos as ek in die kombuiskaste soek na kos en al wat ek sien is bestanddele!

Gehoor van die ou wat 'n almanak gesteel het?

Hy het 12 maande gekry!

OUPA EN OUMA SE ANTWOORDMASJIEN

Goeie more. Ons is tans nie tuis nie, maar laat asseblf 'n boodskap na die toon.

As jy een van ons kinders is, druk die nommer kind wat jy is en druk dan een van die volgende nege opsies, sodat ons by ons terugkoms kan weet wat ons moet doen:

1. As ons die kleinkinders moet kom oppas, druk 2.
2. As julle ons kar wil leen, druk 3.
3. As jull wil hê ons moet julle klere was en stryk, druk 4.
4. As julle wil hê dat die kleinkinders by ons moet kom slaap, druk 5.
5. As julle wil hê dat ons die kiders by die skool met gaan haal, druk 6.
6. As julle wil hê dat ons vir julle 'n maaltyd moet voorberei of by die huis aflewer, druk 7.
7. As julle hier wil kom eet, druk 8
8. As julle geld nodig het, druk 9.
9. As julle ons vir ete gaan nooi, of ons teater toe wil vat, begin praat, ons luister!

### Twee geheimsinnige mense woon hier!

IEMAND EN NIEMAND

Iemand mors altyd vuil,

Niemand weet wie dit is nie.

(The biggest misconception about humor is that it is not universal)

## Wenke vir 'n mooi Kerstafel

- **Versier die Kerstafel op 'n eenvoudige manier**
- **'n Baie meer natuurlike tafel**
- **Die versiering van tafels in grys kleur is ook 'n vaste weddenskap**
- **'n Eenvoudige en dekoratiewe tafelloper**
- **Die kombinasie van rookgrys en goud om die Kerstafel te versier**



Alhoewel dit waar is dat wanneer ons oor Kersfees praat, dit blyk dat dit handuit ruk. Maar tog sal ons jou vertel dat dit 'n veilige weddenskap is. So jy kan begin **'n wit tafeldoek te kies en dit te laat kontrasteer met die eetgerei wat 'n goue afwerking kan hê**. Dit is altyd 'n elegante en perfekte skakering vir Kersfees. Reg in die middel van die tafel skep jy 'n tafelloper. Jy sal dit doen met die reeks LED-ligte en jy sal 'n tafeldoek plaas wat in sjiffon of tule afgewerk is. Want so sal die ligte beter lyk. 'n Kandelaar of 'n paar kerse en jy sal 'n perfekte tafel hê. Dink jy nie?

## TOEKENNNGS VIR 2023



# 100% BYWONING



**JOHAN EN ERNA**

# WELKOM




**ANDRÉ EN WILNA SWARTZ**

Stories van San Cha Len








Frans

Erna

Johan

Henry

Roekie

Erna




Die lekker saamkuier by SanChaLen

## Huisgodsdiens (Coen Vollgraaff)

As die son se arm lig

in die aand

voor die donker van die nag

uit ons karoo-huis vlug

word alles stil.

en as die nag se swart

triomfantik

oor die velde kom

ons huis se kamers vul

skitter die suiderkruis

skroei die olielamp

se dowwe vlam

flikkerend

op die blik gepoleerde

tafel van hout,

in die warm kombuis.

en soos donker

geeste

troon ons skadu's

teen die spierwit muur

stille luisteraars

wat nog

gekersten moet word.

in die koolstoof

helder brand

vir ewig

'n uitgebrande

verkoolde vuur

en ons kinders,

ons sit soos olyfboomies

om die ronde tafel

wonder hoe lank

die ewighid sal duur.

moeder vroom

afgesloof en moeg

sit onder die gebed

handegevou en droom

vooroorgeboë

by die dowwe lamp


terwyl

sy vinger die woorde wys
slaan pa die bybel oop

lees van 'n Man

wat hulploos hang

aan 'n ruwe kruis.



# Advertensies.







Die heel beste Kersgeskenk
kan nie gekoop word nie,
die beste Geskenk wat jy kan kry is,
die Vreugde en Vrede van God in jou
Hart en Tyd om dit met jou Geliefdes
te deel.



Geseënde Christusfees

*Magda Britz*